
# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

## Info 2/2024 16 Februarie 2024

Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za



## VAN DIE SKOOLHOOF

**Hoof, hart en hande soek die wysheid van die HERE**

Spreuke 2: 6-10: *"Want wysheid sal in jou hart kom en kennis vir jou siel lieflik wees."*

Om net die Woord van die Here te ken, m.a.w. kennisfeite van die Bybel in jou verstand te hê, help nie veel nie. Die kennis van God se Woord moet in jou lewe toegepas kan word. Jou godsdiens moet nie net in naam wees nie, dit moet dade hê. Geloof in die praktyk. Hoof, hart en hande.
Dit moet gebruik en toegepas word, jy moet dit as't ware proe, dit ervaar, dit moet koers aan jou lewe gee. Psalm 119: 103: "Die Woord van die Here is aangenaam, soeter as heuning in die mond".

Ons optrede moet 'n lieflike geur versprei. Hoe mooi om dit te sien by onderwysers wat die ekstra myl stap om kinders te begelei te vorm en te bemoedig, om dit te sien tussen die hoërskoolkinders wat mekaar op die sportveld soos een man aanmoedig en te sien hoe die kleiner Dirk Postma maats Maandagoggende uit volle bors Psalms sing. Dankie ook aan elke ouer wat net inspring en hul gawes met die skool deel, hierdie geloofsdade getuig van hoof, hart en hande wat diensbaar is.

Ouers julle is hierdie skool se hartklop, julle positiewe bemoeienis met allerlei skoolsake is onontbeerlik. Dankie dat julle die personeelkorps met die mees kosbaarste in jul lewe vertrou.

Om altyd saam te stem oor sake is soms moeilik, ons weet ook dat kinders nie altyd in 'n klassituasie dieselfde optree as by die huis nie. Tog wil ek julle verseker dat die onderwysers altyd in die beste belang van die kinders optree. Die beste belang beteken soms om besluite te neem wat dalk nie altyd gewild is nie, dit beteken om soms grense te trek. Dit beteken dat ons fokus op die hoof, maar beslis ook op die harte en die hande. Harte en hande wat begelei moet word om die begeerte te ontwikkel om in die wysheid van die HERE te wil wandel.

Dit is 'n vreugde om aan hierdie opdrag by die skool uitvoering te gee, mag dit ook tuis in die huisgesin 'n aangename vervullende taak wees.

Vriendelike groete
Mev Saskia Meijer

## BEPLANNER
16/2/2024 - 7/3/2024

### 17 FEBRUARIE
- Kleuterskool — ICO-Atletiek
- Laerskool — ICO-Atletiek

### 18 FEBRUARIE
- Verjaarsdag — Mev M Harenberg

### 20 FEBRUARIE
- Verjaarsdag — Mej A Bouwmeester

### 22 FEBRUARIE
- Kleuterskool — Kuieraand

### 23 FEBRUARIE
- Laerskool — Verk Veldskool 2024

### 26 FEBRUARIE
- Laerskool — Gr 7: Veldskool vertrek

### 27 FEBRUARIE
- Laerskool — Netbal begin

### 28 FEBRUARIE
- Hoërskool — Montecasino - Sound of Music

### 1 MAART
- GSDP — Info
- Laerskool — Gr 7: Veldskool terug
- Laerskool — Verk KS Nasorgsentrum
- Hoërskool — Uitstappie - Warmbad

### 4 MAART
- Laerskool — Netbalproewe - o/12-dogters

### 5 MAART
- Laerskool — Netbalproewe - o/13-dogetrs


### 6 MAART
- Hoërskool — Perfect Life Loopbaanskou

### 7 MAART
- Hoërskool — Dinee

## Algemeen

| | | | |
|---|---|---|---|
| **DATUMS:** | **Kwartaal 1:** | Dinsdag, 19 Maart | GSDP sluit gewone tyd |
| | **Kwartaal 2:** | Woensdag, 3 April | GSDP open |
| | | Vrydag, 14 Junie | GSDP sluit |
| **LET WEL:** | | Maandag, 29 April | Gewone skooldag - sluit gewone tyd |
| | | Dinsdag, 30 April | Gewone skooldag - sluit gewone tyd |
| **SKOOLVAKANSIEDAG:** | | Woensdag, 1 Mei | GSDP gesluit (Werkersdag) |
| **GSDP-SKOOLVAKANSIEDAE:** | | Donderdag, 2 Mei | GSDP gesluit |
| | | Vrydag, 3 Mei | GSDP gesluit |

**SKOOTREKENAARS:** Indien u 'n werkende skootrekenaar(s) het wat u nie meer gebruik nie, sal u dit asseblief aan die skool skenk?



## Kleuterskool




**LEKKERTJIE-DAG:**
Slegs Vrydae









# LAERSKOOL

**HUPPELKINDDAG (WIELE-PROJEK):** Elke gesin het die dokumente ontvang. Indien u ekstra vorms benodig, kontak die laerskoolkantoor of besoek die webtuiste.

**TOETSREEKS:** Laaste toetsdag - Vrydag, 8 Maart

**VELDSKOOL - GR 7 - 2024:** Die gr 7-leerlinge van GSDP, Akademie Reformia en Centurion Christelike Laerskool woon vanaf Maandag, 26 Februarie tot Vrydag, 1 Maart die veldskool te Camp Discovery by.

**RUGBY:**




**WISKUNDE-OLIMPIADE:** Die gr 3- tot gr 7-leerlinge het op 15 Februarie die Wiskunde-Olimpiade met groot entoesiasme bygewoon. Die uitdagende vrae het hulle gestimuleer en laat ontdek dat Wiskunde meer as net eenvoudige berekeninge is. Met hierdie geleentheid kon hulle diepte in die vak ontdek, hul breine opskerp, terwyl hulle die uitdagings geniet het. Wiskunde is nou vir hulle 'n avontuur vol moontlikhede.

**NETBAL:** Alle gr 1- tot gr 6-dogters begin Dinsdag, 27 Februarie met hul netbal-oefeninge. Die gr 7-dogters sluit die week daarna (na die veldskool) by hulle aan.
Oefendae: Dinsdae en Donderdae. Volg korrespondensie op die groepe.









# Hoërskool

## Akademie

**AFWESIG:** Indien 'n leerling afwesig was, is dit sy/haar eie verantwoordelikheid om die werk in te haal.

## Kultuur

**WARMBAD-UITSTAPPIE - Vrydag 1 Maart:** Voltooi asseblief die vrywaringsvorm en stuur dit terug na u kind se registeronderwyser.

**KONSERT:** Ons het vir hierdie jaar 'n konsert/revue beplan, wat as gevolg van geldige redes gekanselleer is.

**KASKAR-PRETDAG:** Ons beplan 'n kaskar-pretdag vir 16 Augustus.

**ATKV:** Die ATKV-kursus, waarvoor 9 leerlinge ingeskryf het, was baie leersaam. Mevv Isabel Vogel en Lientjie Drijfhout het die uitnemende beoordelaarskursus bygewoon. Vier Dirkies het Woensdag, 13 Februarie ingeskryf vir die Afrikaanse Olimpiade (seniors: gr 10 - gr 12), wat in Mei plaasvind en ons stuur vandag twee leerlinge se inskrywings deur vir die ATKV-redenaarskompetisie.

***SOUND OF MUSIC*:** "Von Trapp-koors" het by die hoërskool uitgebreek - daarom gaan ons weer! 41 Dirkies en personeel pak op 28 Februarie die reis na Motecasino aan. Die teater het die kaartjies teen 'n spesiale prys aan ons verkoop! Baie dankie aan elke onderwyser en ouers vir vervoer. *Sound of Music* hier kom ons!

## Sport en buitemuurse aktiwiteite

**NETBAL:** Oefeninge begin op Dinsdag, 20 Februarie en daarna elke Dinsdag en Donderdag - 14:30 - 16:00. Moedig asseblief u dogter(s) aan om te oefen en deel te neem. Ons kommunikeer die liga-datums, sodra ons dit ontvang. ◘ 14 Maart - vriendskaplike wedstryd teen HTS John Vorster.

**MUURBAL:** Mnr Johann Snijder rig georganiseerde muurbal af. Hy is besig om die sport onder die leerlinge bekend te stel en sal aan die leerlinge (en hul ouers) meer inligting gee oor oefentye en fooie. Hy beoog om 'n Dirk Postma-span saam te stel wat aan skoleliga-wedstryde kan deelneem.

**TAFELTENNIS:** Oefening begin 5 Maart en daarna elke Dinsdag en Donderdag direk na skool tot 15:30.

**HOUTSWEISKLUB:** Ons wil weer die houtsweisklub begin. Vir kommunikasie sluit aan by die Whatsapp-groep https://chat.whatsapp.com/GmYr3LcgnE8AutcYA6xJ9R.







## "SNAPSCAN"-KODES

**GSDP-SKOOLFONDS**

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:

- EFT
- D6-toep
- kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer **GEEN KONTANT** nie.

**GSDP-BOUFONDS**

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer of -ondersteuner is.

Dankie vir u ondersteuning!

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

Gooi asseblief u kasregisterstrokies in die houer wat gemerk is "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.

**Baie dankie vir u ondersteuning! Ons waardeer dit opreg!**

### GSDP GLAS-PROJEK




Ondersteun asseblief ons glas-projek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas. Ons vra u ondersteuning, sodat ons saam kan probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.

# ADVERTENSIES










REPAIRING COMPUTERS SINCE 1997
COMPUTER REPAIR SPECIALIST
10% OFF
OUR SERVICES
Computer Speed Upgrade
Full Computer Service
Virus Removals
Any Computer Repairs
Email / Internet Help
We cover the Moot area from Waverley or come to you
CALL OR WHATSAPP
082 6915 793
info@prcomputers.co.za
Ons praat jou taal!